SAPEX
Your fruit is our business

WEEK 44

31 Oktober 2025

# DRUIWE BEMARKINGSVERSLAG

Die druiwe-seisoen is baie goed op dreef. In die middel tot laat areas is die druiwe nog aan die set en vergotings word ook al opgesit. Oral waar ons kom hang daar ‘n mooi oes en almal is baie optimisties oor wat voorlê. Die aanduidinge is dat die Limpopo/Mpumalanga areas ‘n paar dae vroeër kan begin pak. Die Weskaap is grootliks op dieselfde tyd as laasjaar. Die eerste Sapex druiwe vir uitvoere sal waarskynlik vroeg in week 46 gepak word.

Dinge lyk ook baie positief in die Kaapstad hawe. Heelwat nuwe toerusting is alreeds afgelewer en die laastes word gemonteer vir ingebruikneming. Van die toerusting is beter windbestand en sal dus teen ‘n hoër windspoed kan werk. Die werksaamhede sal ook vinniger hervat kan word na winderige periodes. Ook lyk dit asof nog ‘n addisionele tydelike stoorplek (stack) ingerig gaan word waar houers in winderige periodes ingeprop sal kan word. Die wind bly egter ‘n onvoorspelbare faktor.

Die berigte uit die mark is op die stadium bietjie wisselvallig. Die berigte was eers dat wit pitloos vanuit Spanje en Italië nog tot laat in November beskikbaar gaan wees en rooi pitloos tot laat in Desember. Dinge verander nou bietjie as gevolg van reën wat geval het en die kwaliteit van die gestoorde Italiaanse druiwe. Alles dui daarop dat Europa nou al oorskakel na ingevoerde wit pitloos en eersdaags ook ingevoerde rooi pitloos sal begin gebruik.

Peru is alreeds teenwoordig in Europa, teen heelwat laer pryse as laasjaar. Pryse is egter nou aan die styg. Wat opmerklik is, is dat Brazil nog min na Europa verskeep het, hoofsaaklik weens hul goeie binnelandse pryse. Almal het verwag dat hulle meer sou verskeep weens die tariewe in die VSA.

As alles dus reg verloop behoort die mark nie baie vol te wees by die aankoms van die eerste Suid-Afrikaanse druiwe nie. Die mark gaan waarskynlik nie so leeg wees soos ooreenstemmende tyd laasjaar nie. Ons monitor die verwikkelinge voortdurend en sal ons produsente op hoogte hou van enige wesenlike veranderinge in die mark.

Groete.

Sapex Span.